



pensioenversterker

Versekering

Finansiële Beplanning

Aftrede

Beleggings

Welvaart

U is reeds 'n lid van die Central Retirement Annuity Fund (die Fonds). U doen namens die Fonds aansoek vir die wysiging van die plan met Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens). Die plan is 'n versekeringspolis, en word gereguleer deur die Langtermynversekeringswet, 1998. Die plan is 'n kontrak tussen die planhouer (die Fonds) en ons.

As lid van die Fonds weet u dat u by aftrede 'n enkelbedrag van tot een derde van die uittredingannuïteitsplanuitbetaling kan ontvang. Hierdie uitbetaling kan gedeeltelik of ten volle belastingvry wees. Die ander twee derdes word as 'n maandelikse belasbare pensioen aan u betaal.

PensioenVersterker is 'n suiwer spaarvoordeel wat by die bestaande uittredingannuïteitsplan gevoeg word. U verhoog eenvoudig u betalings, wat weer die uittredingannuïteitsplanuitbetaling (die enkelbedrag sowel as die maandelikse pensioengedeelte) verhoog. En u kan terselfdertyd belasting bespaar (tot 40% van u betalings afhange van u persoonlike belastingsituasie).

Belangrike nota

Hervat herhalende betalings

Daar is 'n aantal voordele as u die herhalende betaling van die bestaande plan op u lewe hervat in plaas daarvan om 'n nuwe plan uit te neem. Sommige daarvan is:

- Spaar die planheffing op die nuwe plan.
- Die waarde vir geld oor die volle termyn behoort beter te wees vir 'n verhoging op 'n bestaande plan, as op 'n nuwe plan.
- Die gerief om met een plan te handel.

Beleggingstoedeling

Die betaling, minus heffings, sal belê word in ooreenstemming met die bestaande beleggingstoedeling.

Fondswaarde

Die fondswaarde is die aantal eenhede vermenigvuldig met die eenheidsprys. Die eenheidsprys word nie gewaarborg nie en kan mettertyd vermeerder of verminder.

Lojaliteitsbonus

Terugbetalings vir sekere heffings word as 'n lojaliteitsbonus by die fondswaarde gevoeg op die planverjaarsdae, soos aangedui in die volgende tabel. Die bedrag van die lojaliteitsbonus word bereken as 'n persentasie van sommige van die heffings wat van die plan afgetrek is sedert die datum waarop die vorige lojaliteitsbonus bygevoeg is of sedert die begindatum van die plan vir die eerste lojaliteitsbonus.

Die persentasie vir elke toepaslike planverjaarsdag is soos volg:

Planverjaarsdag vanaf begindatum	Terugbetaling % van heffings
5	25
10	50
15	60
20	65
25, en elke 5 jaar daarna	65

Die heffings wat by die berekening van die lojaliteitsbonus ingesluit is, is

- ⤵ die vaste administrasieheffing, en
- ⤵ die veranderlike administrasieheffing.

Vir die doel van hierdie berekening word hierdie heffings aangepas teen dieselfde koers waarteen die eenheidsprys van elke beleggingsfonds verander.

Ons sal ook 'n lojaliteitsbonus byvoeg wanneer die plan beëindig word

- ⤵ as gevolg van 'n doodseis, of
- ⤵ op versoek op of na die opsiedatum, mits die plan nie binne twee jaar vanaf die begindatum beëindig word nie.

As die beëindigingsdatum vir enige van die beëindigingsgebeurtenisse hierbo tussen enige van die planverjaarsdae val, word die volgende planverjaarsdag gebruik om die persentasie van die terugbetaling te bepaal.

Ons sal die lojaliteitsbonus by die fondswaarde voeg deur eenhede by die plan te voeg. As die planverjaarsdag of beëindigingsdatum waarop die lojaliteitsbonus betaalbaar is nie op 'n werksdag is nie, sal ons die eenhede op die eerste werksdag daarna byvoeg.

Die terugbetalingspersentasies en lojaliteitsbonusdatums word aangedui in u huidige kontrakdokument.

Heffings

Die volgende heffings word voorsien soos op die datum wat in ons uitnodiging gemeld word, en enige verwysing na "tans", "huidig" of "huidige" verwys na daardie datum. Dit beteken dat die heffings van tyd tot tyd mag verander.

Belasting

Belasting word volgens die toepaslike polishouerfonds, waarin die versekeraar die onderliggende bates van die plan hou, gehef. Geen belasting word tans in die polishouerfonds vir aftreefondse gehef nie.

Heffings vir die plan

Verwys asseblief na die planbeskrywing vir verdere besonderhede oor die berekening en aftrekking van elke heffing.

- ⤵ Planheffing

Die planheffing is tans R14.50 per maand. Dit sal in die toekoms verhoog om vir inflasie voorsiening te maak.

- ⤵ Administrasieheffing

Die jaarlikse administrasieheffing bestaan uit die volgende:

- Vaste administrasieheffing

Die vaste administrasieheffing is 'n persentasie van die fondswaarde en mag vir verskillende beleggingsfondse verskil. Dit word in aanmerking geneem wanneer ons die daaglikse eenheidsprys van elke beleggingsfonds bereken.

- Veranderlike administrasieheffing

Die veranderlike administrasieheffing is 'n persentasie van die fondswaarde. Hierdie heffing word op 'n maandelikse basis bereken, wat beteken dat dit deur 12 gedeel word om die maandelikse heffing te bereken. Die heffing word maandeliks van die fondswaarde afgetrek deur eenhede ter waarde van die heffing te verkoop

Beide hierdie heffings word ingesluit in die berekening van die lojaliteitsbonus, soos beskryf word in the "Lojaliteitsbonus"-gedeelte in hierdie dokument.

- Waarborgheffing

Die huidige jaarlikse waarborgheffing word gebruik om te betaal vir die koste van die beleggingswaarborg van elke beleggingsfonds waarvoor 'n gewaarborgde opbrengs gekies is.

Aftrekkings wat deur die batebestuurders gemaak word

- Batebestuursheffing

Die batebestuursheffing is 'n persentasie van die plan se deel van die markwaarde van die bates in 'n beleggingsfonds. Die heffing word op 'n daaglikse basis bereken, wat beteken dat die persentasie deur 365 gedeel word gedeel word om die daaglikse heffing te bereken, en in berekening gebring word wanneer die daaglikse eenheidsprys bereken word.

Die batebestuurder mag 'n korting op die batebestuursheffing gee. Enige sodanige korting word in ag geneem wanneer die vaste en veranderlike administrasieheffings bereken word. Die impak hiervan is dat die vaste en veranderlike administrasieheffings laer is as wat dit sonder korting sou wees.

- Prestasieheffing

Die fondsbestuurders van sekere beleggingsfondse hef 'n prestasieheffing. Die prestasieheffing hang af van die beleggingsprestasie van die fonds en is nie by die batebestuursheffing ingesluit nie.

- Direkte beleggingskoste

Die direkte beleggingskoste is byvoorbeeld kollektiewe belegging aanvangsgelde, makelaarsloon, ouditgelde, bankheffings en trustee gelde.

Wysigingsheffing

'n Plan mag in enige stadium verander word, op voorwaarde dat ons met die wysiging saamstem. Ons sal 'n wysigingsheffing wat van die fondswaarde geneem word hef as die wysiging voor die wysigingsheffingsdatum gedoen word, deur die nodige aantal eenhede te verkoop. Die wysigingsheffingsdatum word aan die begin bepaal en verander nie by die daaropvolgende wysigings nie. Hierdie wysigings sluit die neem van 'n vroeë aftreevoordeel, en vermindering of staking van die herhalende betalings in.

As 'n vroeë aftreevoordeel geneem word, sal die wysigingsheffing gelyk wees aan 'n persentasie van die vermindering van die fondswaarde. As die herhalende betaling gestaak word, sal die wysigingsheffing gelyk wees aan 'n persentasie van die herhalende fondswaarde. Die persentasies sal aangedui word in u planbeskrywing.

Vir 'n vermindering van die herhalende betalings, sal die wysigingsheffing in verhouding kleiner wees as die wysigingsheffing vir staking van die herhalende betalings. Byvoorbeeld, vir 'n vermindering van 50% in die herhalende betalings sal die wysigingsheffing 50% van die wysigingsheffing vir staking van die herhalende betalings wees.

Ons mag ook wysigingsheffings aftrek vir wysigings wat nie hierbo genoem word nie. Ons sal die wysigingsheffing kwoteer wanneer so 'n wysiging versoek word.

Transaksieheffing

Die transaksieheffing vir elk van die volgende wysigings is tans R300.00 soos bepaal deur middel van regulatoriese maatreëls en dit sal in die toekoms verander as sodanige regulatoriese maatreëls of wetgewing verander. Hierdie heffing sal bykomend tot die wysigingsheffing gehê word. Ons sal nie hierdie transaksieheffing op of na die opsiedatum hef nie. Die transaksieheffing sal van die fondswaarde verhaal word deur die vereiste aantal eenhede te verkoop.

- Vermindering of staking van die herhalende betaling;
- Neem van 'n vroeë aftreevoordeel;
- Beëindiging van die plan as gevolg van emigrasie;
- Oordrag van die plan na 'n ander uittree-annuïteitsfonds.

Die transaksieheffing vir 'n fondssomskakeling deur u versoek is tans R550.00. Dit geld net wanneer alle gratis omskakelings in 'n planjaar gebruik is. Hierdie heffing sal in die toekoms verhoog om vir inflasie voorsiening te maak.

Staking van die herhalende betaling

Die herhalende betaling mag slegs gestaak word as die fondswaarde na aftrekking van die wysigingsheffing, indien van toepassing, en die transaksieheffing, ten minste R70.00 is. As herhalende betalings gestaak word ten spyte daarvan dat daar nie aan hierdie voorwaarde voldoen is nie, sal die plan verval.

Kommissie

Kommissie word nie addisioneel tot die heffings wat reeds genoem is verhaal nie. 'n Deel van die heffings betaal vir die kommissie.

- Aanvangskommissie

Aanvangskommissie word slegs op die verhoogde deel van u betaling bereken (d.i. die verskil tussen u vorige hoogste maandelikse betaling, en u nuwe maandelikse betaling). Vir 'n betalingsverhoging van R100 per maand met 'n oorblywende termyn van 10 jaar word kommissie van R227.91 in die eerste jaar betaal.

Die maksimum aanvangskommissie betaalbaar op elke toekomstige betalingsverhoging sal 'n soortgelyke proporsie wees van die betalingsverhoging, dalend met die uitstaande termyn.

- Betalingsgebaseerde kommissie

Kommissie is betaalbaar elke keer wanneer u betaling gemaak word. Vir 'n betalingsverhoging van R100 per maand met 'n oorblywende termyn van 10 jaar word kommissie van R2.50 per maand betaal. Die betalingsgebaseerde kommissie sal verhoog word in dieselfde verhouding as enige verhoging in betaling.

Sanlam Lewens sal voortgaan om die betalingsgebaseerde kommissie na die opsiedatum te betaal teen 'n maksimum koers van 5% van elke betaling.

Belegginghersieningsooreenkoms tussen die versekerde lewe en die Fonds

Afgesien van kommissie, kan hierdie plan ook onderhewig wees aan 'n fondsgebaseerde fooi. Hierdie fooi word onderhandel tussen die versekerde lewe en die tussenganger. Dit word van die fondswaarde verhaal by wyse van 'n onttrekking en maandeliks, deur Sanlam Lewens namens die Fonds, aan die tussenganger wat die (deurlopende) advies voorsien, betaal. Dit is 'n gespesialiseerde diens wat addisioneel is tot, en nie deel is nie van, die dienste waarvoor ons kommissie betaal.

Veronderstellings vir illustratiewe waardes

Die illustratiewe waardes wat voorsien is, is nie gewaarborg nie en moet geensins as 'n akkurate voorspelling beskou word nie. Hierdie illustratiewe waardes moet slegs as 'n hulpmiddel by finansiële beplanning gebruik word.

Uitwerking van inflasie

Die bruto beleggingsopbrengs sal afhang van toestande in die finansiële mark en die inflasiekoers gedurende die plantermyn. Oor die algemeen lei hoër inflasie tot hoër beleggingsopbrengste en laer inflasie tot laer beleggingsopbrengste.

Planvoordele moet gemeet word teen die koopkrag van geld wanneer voordele betaal word. Die reële opbrengs is die koers waarmee die opbrengs inflasie oorskry.

Uitwerking van lewensversekeraarsbelasting

Na gelang van die belastingstatus van die planhouer, betaal versekeringsmaatskappye verskillende belastingkoerse op beleggingsopbrengste. Die effektiewe belastingkoerse kan ook tussen versekeringsmaatskappye verskil, na gelang van hul vlak van uitgawes. Byvoorbeeld, die effektiewe belastingkoerse op inkomste en kapitaalwins op die bruto beleggingsopbrengste is tans 0% per jaar vir aandelefondse, 0% per jaar vir gebalanseerde fondse en 0% per jaar vir geldmarkfondse.

Die werklike beleggingsopbrengs wat verdien word op die huidige fondswaarde,

- plus toekomstige herhalende betalings,
- minus alle werklike planheffings,

sal afhang van die bruto beleggingsopbrengs en die mate waarin hierdie opbrengs deur lewensversekeraarsbelasting en heffings verminder word. Die veronderstelde illustrasiekoerse word bereken voordat die heffings verhaal is, maar na lewensversekeraarsbelasting.

Betalingsgroeï

U herhalende betalings sal jaarliks met Sanlam-inflasie verhoog. Outomatiese jaarlikse betalingsgroeï sal vertraag word vir 'n periode van ten minste 12 maande wat volg op die herstelling. Betalingsgroeï sal op u oorspronklike polisverjaardag plaasvind.

'n Betalingsgroeïkoers van 5% is in die volgende tabel veronderstel. Die werklike betalingsgroeïkoers sal bepaal word deur die toekomstige Sanlam-inflasiekoers ten tye van groeï. Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die effek van betalingsgroeï op herhalende betalings.

Duur in jare	Herhalende betaling		
	R150.00	R250.00	R300.00
1	R157.50	R262.50	R315.00
2	R165.38	R275.63	R330.75
3	R173.65	R289.41	R347.29
4	R182.33	R303.88	R364.66
5	R191.45	R319.07	R382.89
10	R244.34	R407.22	R488.68
15	R311.85	R519.73	R623.70
20	R398.00	R663.32	R796.03

Nakoming van Regulasie 28

Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 vereis dat spaargeld vir aftrede beskerm moet word. Om hierdie rede beperk die regulasie die blootstelling van aftreefondsplanne aan verskillende bateklasse. Die maksimum beperkings is tans, onder andere, 75% in aandele, 25% in buitelandse bates, 25% in eiendomsbates en 10% in verskansingsfondse. Dit is noodsaaklik vir aftreefondsplanne om aan die beperkings van Regulasie 28 te voldoen.

Sommige beleggingsfondse voldoen aan Regulasie 28, wat beteken dat die batebestuurders van daardie fondse verseker dat die fondse altyd die beperkings van Regulasie 28 nakom. As 'n aftreefondsplan oor slegs fondse wat aan Regulasie 28 voldoen beskik, of 'n leeftydbeleggingsopsie het, sal die plan altyd Regulasie 28 nakom.

As 'n aftreefondsplan een of meer beleggingsfondse het wat nie Regulasie 28 nakom nie, kan markbewegings tot gevolg hê dat die batetoedelings van die plan die limiete oorskry wat deur Regulasie 28 bepaal word. Om hierdie rede is ons verplig om die plan gereeld te monitor om te bepaal of dit steeds aan Regulasie 28 voldoen. As die plan nie meer voldoen nie, sal ons die versekerde lewe in kennis stel oor die vereiste aksies om die batetoedeling te herbalanseer asook die gevolge as dit nie gedoen word nie.

Beleggingsfondse

Sanlam Lewens mag die bates in die beleggingsfondse vir transaksies soos skripenings aanwend. Enige inkomstes of verliese voortspuitend uit hierdie transaksies is vir Sanlam Lewens se eie rekening, en sal nie die voordele waartoe planhouers onder hierdie plan geregtig is, beïnvloed nie.

Sommige beleggingsfondse mag in een of meer van die bestuurde bateklasse belê om sodoende die diversifisering van hierdie beleggingsfondse te verbeter. Bestuurde bateklasse sluit onder andere verskansingsfondse, beursverhandelde fondse, eiendomsbeleggings, private aandelebeleggings, afgeleide instrumente en krediet-geleikanele in. Die bestuurders van hierdie bestuurde bateklasse, wat maatskappye binne die Sanlam-groep mag insluit, trek hulle bestuursfooie en -uitgawes direk van die beleggingsopbrengste af. Hierdie aftrekkings word dus nie in die aangeduide heffings ingesluit nie.

Professionele vrywaringsversekering

Sanlam Lewens beskik oor professionele vrywaringsversekering.

Eiseprosedure

In die geval van 'n eis, stel Sanlam Lewens asseblief so gou moontlik in kennis. Om die nodige eisvorms te verkry en te verseker dat al die vereiste inligting verskaf word, tree met Sanlam Lewens se Eise-inbelsentrum by (021) 916-1710 in verbinding. Afhangende van die aard van die eis, sal dokumentêre bewyse (byvoorbeeld 'n doodsertifikaat of mediese verslag) vereis word.

Afkoelperiode

Sodra u aansoek geprosesseer is, sal u 'n periode van 30 dae hê om die kontrakdokument te bestudeer en te besluit of u wil voortgaan met die wysiging. Indien u nie met die wysiging wil voortgaan nie, kan u dit kanselleer deur ons binne hierdie periode skriftelik in kennis te stel. Ons sal dan enige betalings wat u reeds as gevolg van die wysiging gemaak het, terugbetaal. As die bates waarin die betalings belê is in waarde verminder het, of as u alreeds voordele van die plan ontvang het, sal ons die bedrag wat terugbetaal moet word dienooreenkomstig verminder.

U sal nie die wysiging kan kanselleer as u 'n belastingcertifikaat daarvoor ontvang het nie, of as die geld oorgedra is van 'n aftreefonds en daardie fonds is nie bereid om die stand van sake terug te verander nie.

Vervanging

Dit is waarskynlik nie in u belang om, geheel of gedeeltelik, 'n bestaande finansiële produk te kanselleer of betalings daarop te verminder om addisionele geld in hierdie plan te belê nie. Dit is belangrik dat u die invloed wat dit op u finansiële beplanning mag hê, sal verstaan. Onder die potensiele implikasies, koste en nagevolge van so 'n vervanging, waar van toepassing, tel die volgende:

- betaling van nuwe heffings;
- die invloed van verhoogde ouderdom op betalings;
- toekomstige onversekerbaarheid (indien van toepassing);
- aanwending van gesondheidsbeladings (indien van toepassing);
- verlies van dekking (indien van toepassing);
- nuwe wagtydperke vir voordele (indien van toepassing);
- herwinning van onverhaalde uitgawes ingevolge die bestaande produk;
- verlies van belastingvoordele (indien enige).

Dis maklik om vir PensioenVersterker aansoek te doen

U kan óf:

- Ons kontak op 0860 22 33 90 vanaf Maandae tot Donderdae tussen 08:30 en 17:00, en Vrydae tussen 08:30 en 16:00.
- U Sanlam-adviseur of u makelaar kontak. (Skakel 0860 22 33 90 indien u nie 'n Sanlam-adviseur of 'n makelaar het nie.)

Navrae

By Sanlam weet ons dat 'n finansiële maatskappy niks is sonder 'n goeie reputasie en tevrede kliënte nie. Indien u meer inligting oor die Fonds of oor PensioenVersterker verlang, of indien u onvoldoende diens of ongepaste advies ontvang het, skakel asseblief ons Kliëntekontaksentrum by 0860SANLAM (0860 726 526) of stuur 'n e-pos aan ons by stratus@sanlam.co.za. Ons Nakomingsdepartement kan by dieselfde telefoonnommer gekontak word.

'n Afskrif van die Fondsreëls is by die Sanlam Kliëntekontaksentrum verkrygbaar. Ongelukkig is die koste hiervan vir u rekening.

Die Fondsreëls is ook beskikbaar (kosteloos) op die Internet by <http://www.sanlamlife.co.za>.

Notas:

Indien u op u eie met hierdie transaksie voortgaan, aanvaar ons dat dit nie op die advies van 'n Sanlam-adviseur of 'n makelaar gebaseer is nie.

Alle verwysings na Sanlam Lewens dui op Sanlam Lewensversekering Beperk. Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer.